

GOD SE VERSORGENDE VADERHAND.

Clanwilliam 23-06-2013 (18:00)

Vooraf Psalm 118:1

Liturgie:

1. Votum
2. Groetseën
3. **Ps 48:1**
4. Gebed vir Woord bediening en alle nood .
5. Lees: **Genesis 45:1-15.**
6. Teks: **Genesis 45:4,5.**
7. H Kat: **Sondag 10**
8. Dankgebed.
9. Diens van Barmhartigheid
10. **Ps 105:1:13**
11. Slotseën : 2 Korintiërs 13:14 .
12. AMEN

Teks

4Maar hy het vir hulle gesê: "Kom na my toe!" en toe hulle nader kom, sê hy: "Ek is julle broer Josef. Julle het my verkoop, en ek is Egipte toe gebring. 5Maar julle moet nou nie sleg voel of bang wees omdat julle my verkoop het nie, want God het my voor julle uit gestuur om lewens te red. (Genesis 45:4-5 NV).

Geliefde Gemeente van ons Here Jesus Christus,

1 INLEIDING

"..... God het my voor julle uit gestuur om lewens te red."

Dit is asof ons Josef herken as die skrywer van ons wonderlike troosboek, die Heidelbergse:

Onder die voorsienigheid van God verstaan ons: "die almagtige en oral teenwoordige krag van God (a), waardeur hy hemel en aarde en al die skepsels asof met sy hand nog onderhou en so regeer dat Alles ons nie per toeval nie maar uit sy vaderhand toekom."

Helder staan ons voor die gees die boeiende geskiedenis van hierdie seun van Jakob, wat ons as kinders al met soveel oorgawe geniet het.

2 God se versorgende vaderhand in die geskiedenis van Josef en sy broers in Kanaän

Josef was maar sewentien toe hy saam met sy halwe broers in Kanaän die kleinVee van sy vader Jakob opgepas het (vgl Genesis 37).

Hy het slegte stories oor sy broers by sy pa aangedra.

As sy pa se oogappel het Jakob vir Josef lang klere met moue gemaak.

4 toe sy broers sien dat hulle pa vir Josef liewer het as vir enige van hulle, het hulle 'n afkeer van Josef gekry en het hulle niks goeds oor hom gesê nie.

En toe die twee drome waarin Josef elke keer die held van die verhaal is!

6 hy het vir hulle gesê: "luister na die droom wat ek gehad het. Ons was op die land besig om gerwe te bind 7 en skielik gaan staan my gerf regop en julle gerwe gaan staan daar rondom en hulle buig voor myne." (Genesis 37:6-7 NV).

Hy het gesê: "ek het weer gedroom. Die son en die maan en elf sterre het voor my kom buig."

Die eindresultaat van die drome en die besondere geskenk aan die liefingseun van Jakob was dat sy broers 'n afkeer van Josef gekry en hulle niks goeds oor hom gesê het nie (vgl vs 4 en 8).

Hulle kon op daardie tydstip nie die versorgende vaderhand van God sien nie ten spyte van hulle korrekte verklaring en uitleg van Josef se drome.

8 toe sê sy broers vir hom: "jy verbeel jou jy sal oor ons koning word. Dink jy dalk jy sal oor ons regeer?" oor sy drome en sy praatjies het hulle 'n nog groter afkeer van hom gekry. (Genesis 37:8 NV).

Selfs sy vader het ernstig met hom gepraat oor die duidelike openbaring wat God aan hulle gegee het:

10 toe hy dit vir sy pa en sy broers vertel, het sy pa hom berispe en vir hom gesê: "wat vir 'n soort droom is dit wat jy gehad het? Verbeel jy jou ek en jou ma en jou broers moet voor jou kom buig?" Genesis 37:10 NV).

3 GOD SE VERSORGENDE VADERHAND BY DIE PUT NABY DOTAN.

Toe Israel se seuns op 'n keer in Sigem sy kleinVee opgepas het, het hy Josef van Hebron in die suide na hulle toe gestuur - omtrent 80 km ver - met die opdrag:


"gaan kyk of alles nog reg is by jou broers en met die kleinVee en kom vertel my alles." (vs 14).

Hulle was egter nie meer daar nie. 'n vreemdeling het hom die pad na Dotan gewys - nog omtrent 20 km verder Noord.

Van ver af het hulle hom sien naderkom.

Hulle het saamgesweer om hom dood te maak en sy lyk in 'n put te gooi ... *"ons kan sê 'n roofdier het hom opgevreet. Dan sal ons sien wat word van sy drome."*

Hulle het egter nie rekening gehou met die versorgende vaderhand van God nie.

 Die HERE beskik dat Ruben, die oudste seun van Jakob, aan hulle voorstel om hom liever lewendig in die droë put te gooi sodat hulle nie moordenaars word nie. Sy plan was om Josef in die stilte van die nag uit die put te red en na hulle vader terug te stuur.

📖 Die versorgende vaderhand van God het egter verder beskik dat terwyl hulle eet en Ruben nie daar was nie, daar 'n klomp Ismaelitiese handelaars uit Gilead aankom. Hulle was op pad na Egipte toe en op hulle kamele was daar gom, balsem en hars gelaai.

Op Juda se voorstel verkoop hulle Josef aan die Midianitiese koopmans (vs 28) en doop Josef se kleed in die bloed van 'n boklam en stuur dit met 'n boodskap aan hulle vader.

"ons het dit opgetel. Kyk of dit dalk u seun se klere is." (vs 32).

4 God se versorgende vaderhand in die huis van Potifar en die tronk

Die Ismaelitiese handelaars het Josef aan Potifar, 'n amptenaar van die farao en hoof van die lyfwag, 'n Egiptenaar van geboorte, verkoop.

📖 Daar het dit met Josef onder die versorgende vaderhand van God goed gegaan. Hy word die hoof van Potifar se huishouding.

📖 Die versorgende vaderhand van God laat toe dat hy onder die moeilikste omstandighede denkbaar onskuldig in die tronk beland en daar bly, totdat die skinker van die farao uiteindelik onthou van die gevangene in die tronk wat sy drome, en die koning se bakker s'n, uitgelê het presies soos dit later gebeur het.

📖 Die eindresultaat van al hierdie gebeurtenisse was dat Josef se aanvanklike drome waar geword het, toe hy as onderkoning van Egipte aangestel is.

5 GOD SE VERSORGENDE VADERHAND IN DIE LEWE VAN ELKE KIND VAN HOM

Hierdie veelbewoë geskiedenis van Josef laat ons die Here Jesus Christus in profetiese perspektief sien.

Jesus Christus is die eniggebore seun van God, maar gehaat deur die leiers van die volk van God.

Josef was gehaat deur sy broers. Jesus deur sy volksgenote, oudstes en priesterhoofde.

Josef se dood is beplan maar dit het anders verloop as wat sy broers gedink het.

Jesus se dood is beplan " maar nie tydens die fees nie, sodat die volk nie in opstand sou kom nie." God het beskik dat dit juis op die fees sou gebeur omdat Jesus ons Paaslam is.

Josef het onskuldig in die gevangenis beland op grond van die valse getuienis van Potifar se vrou. Jesus is gekruisig nadat hoeveel valse getuies gesoek is.

Josef het persoonlik veel leed gely. Jesus het die leed van die toorn van God teen die sonde van die hele menslike geslag gely.

Josef is vir twintig sikkels silwer aan die koopmans verkoop. Jesus is vir dertig silwerstukke aan die volksleiers en priesterhoofde deur Judas Iskariot verkoop.

Hoekom?

"ek is julle broer Josef. Julle het my verkoop, en ek is Egipte toe gebring. 5 maar julle moet nou nie sleg voel of bang wees omdat julle my verkoop het nie, want God het my voor julle uit gestuur om lewens te red."

Ons is die aangenome kinders van God.

Ons móét deel in die lyde van ons Here Jesus Christus om deel te kan hê aan sy heerlikheid.

Ons moet leer om die versorgende vaderhand van ons Here in ons lewens raak te sien. - 'n lewe wat by tye langs sulke oNVerstaanbare krom en skewe paaie kan loop. As ons geduldig is, sal ons later sien watter doel die Here voor oë gehad het met die dinge wat met ons gebeur, soos in die lewe van Josef en sy broers.

Nou kan ons met oorgawe die voorsienigheid van die versorgende vaderhand van God bely as "die almagtige en oral teenwoordige krag van God (a), waardeur hy hemel en aarde en al die skepsels asof met sy hand nog onderhou en so regeer (b) dat lower en gras, reën en droogte (c), vrugbare en oNVrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte (d), rykdom en armoede (e) en alles ons nie per toeval nie maar uit sy vaderhand toekom ".

Kan ons getroos verklaar:

Dat ons in alle teëspoed geduldig (a) en in voorspoed dankbaar (b) kan wees. Verder dat ons ook vir die toekoms 'n vaste vertrouwe in ons getroue God en vader (c) kan stel dat geen skepsel ons van sy liefde sal skei nie (d), aangesien alle skepsels só in sy hand is dat hulle sonder sy wil nie kan roer of beweeg nie.

Die mens wik, maar God beskik.

In u hande is ek veilig — U versorgende Vaderhand.

AMEN